SONNEBLOM BEJAARDESORG

Die Sonneblom Bejaardesorg het in 2004 ontstaan deur ‘n groepie mense wat gevoel het dat die behoefte by bejaarde persone baie groot is en dringend aandag nodig het.

Eers is daar net ‘n paar besoeke gedoen, mense vervoer na hospitale en dokters en bietjie tuisverpleging gedoen. Daarna is ‘n tannie ontdek wat die graf wat sy lank gelede gekoop het, weer moes verkoop, sodat sy kon kos koop. Sy het saans tot 6 glase water gedrink sodat daar iets in haar maag kon wees. Dit het hierdie groepie mense laat besef dat die probleem baie groter was as wat aanvanklik gedink is. So is daar begin met kosvoorsiening aan ‘n paar persone.

Die behoefte het algaande groter geword, in so ‘n mate dat daar tans aan 31 bejaarde persone voedsel voorsien word. Hulle inkomstes is gemiddeld ‘n skamele R1080.00 per maand waarmee hulle huur, krag en water moet betaal. Die meeste van hierdie ou mensies moet medikasie by die hospitaal kry wat gewoonklik onvoldoende is en moet hulle nog ekstra by die Apteek aankoop. Verder moet hulle kruideniersware,, vleis en selfoon lugty koop ….. ‘n Absolute onbegonne taak!

Ons groepie by Sonneblom het ingespring en begin fondse insamel deur middel van die verkoop van pannekoek en ander gebak, gehekelde komberse ens. Die Here het ons so geseën. Daar het soveel weldoeners na vore getree.

Ons kry tans donasies in die vorm van hoendervleis, wors, maalvleis, meel, pasta en eiers by van ons gemeentelede. Ons ontvang ook ‘n maandelikse donasie van ons kerk en vrouediens af. Verder het ons al van tyd tot tyd ander skenkings gekry in die vorm van kontant, kruideniersware, melk en groente.

Ons is opreg dankbaar hiervoor!

Ons uitgawes beloop tans tussen R3 000 en R4 000 per maand. Ons help soms om vir die ou mensies krag-, dokters- en Apteek rekeninge te betaal.

As u dalk in u hart voel om ons te ondersteun en ‘n bydrae te maak, sal dit baie welkom wees en sal dit opreg waardeer word.

…2/

Ons kontaknommers is:

Kokkie v Eeden: (076-427-8822)
Pieter v Eeden: (082-923-6222)

Bankbesonderhede:

Sonneblom Bejaardesorg
ABSA –Delmas
Takkode: 334-244
Rek. Nr.: 405 390 4293

Bid ook asseblief vir ons, want hierdie taak waarmee ons besig is, word al hoe groter.